



ANTARKTIESE BULLETIN

Sponsored by—Onder beskerming van
BP Southern Africa (Pty.) Ltd.

JUNE to SEPTEMBER 1969 — No. 28 — JUNIE tot SEPTEMBER



Published by the South African Antarctic Association
32 Park Avenue, Bordeaux, Randburg

Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Antarktiese Vereniging
Parklaan 32, Bordeaux, Randburg

Patrons/Beskermhers: Prof. S. P. Jackson, M.A., D.I.C., Ph.D.
Dr. S. Meiring Naude, M.Sc., Ph.D., D.Sc.h.c., L.L.D.h.c.
Mnr. D. J. Joubert, B.A., LL.B.

Editor/Redakteur: D. G. Torr

EDITORIAL — REDAKSIONEEL

It was recently announced by Mr. D. G. Kingwill, Director of Information and Research Services of the Council for Scientific and Industrial Research and Secretary of S.A.S.C.A.R. (South African Scientific Committee on Antarctic Research), that it has been decided to initiate a new journal for the publication of original scientific papers and other material related to South African research activities in Antarctica. The journal will be sponsored by the Department of Transport and published by the C.S.I.R.

This step is welcomed by the Association, because authors have used the *Bulletin* in the past for the purpose

of publishing scientific material which may not have much appeal to the majority of its readers. It is therefore recommended that in future all contributions of a more technical nature be submitted to the South African Antarctic Journal. However, articles of popular scientific interest pertaining to polar activities will still be most acceptable for publication in the *Bulletin*. As it has been noticed in the past that the majority of readers of the *Bulletin* are non ex-SANAE expedition members, it has been decided to attempt to use the space made available by the diversion of scientific articles to the *Journal*, to include articles of particular interest to old expedition members.

SEWENDE JAARLIKSE DINEE VAN DIE VERENIGING

Die sewende jaarlikse dinee van die Suid-Afrikaanse Antarktiese Vereniging is in die Constantia klub Pretoria gehou op Saterdagmiddag die tweede Augustus 1969. Sewe-en-dertig gaste het die dinee in die W. K. Grobbelaarsaal bygewoon.

Die eregaste aanwesig was mnr. en mev. D. J. Joubert, prof. S. P. Jackson, mnr. en mev. M. J. Cronjé, mnr. K. Lee, mnr. H. Maas en mej. J. Raubenheimer, dr. en mev. A. le R. van der Merwe. Mnr. Cronjé en Lee is ampsdraers van BP Suidelike Afrika, die skenkers van die Antarktiese medalje. Mnr. Maas het die S.A.U.K. verteenwoordig.

Verskonings is ontvang van dr. en mev. S. M. Naudé, President van die W.N.N.R., en dr. E. Plumstead van die Universiteit van die Witwatersrand. Ander vername persone wat die dinee bygewoon het was mnr. D. G. Kingwill van die W.N.N.R. en mnr. en mev. Hide van die W.N.N.R. se Londense kantoor.

Die seremoniemeester was mnr. Kobus Retief. Sy pittige sêgoed, en veral sy draakstekery met die van der Merwes het groot byval gevind.

Die voorsitter, dr. L. E. Kent, het al die aanwesiges verwelkom, en in besonder die eregaste. Hy het ook gemeld dat dit die eerste keer is dat mnr. Joubert in sy hoedanigheid as beskermer by die Vereniging optree.

Die ete wat aan die gaste voorgesit is, sowel as die bediening was uitstekend. Die hoogtepunt van die aand was die toespraak van mnr. Joubert, waarin hy die rol van die Departement van Vervoer in die Antarktiese gebiede geskets het. Hy is deur dr. Taljaard aan die gaste voorgestel.

Hierna het mnr. M. Cronjé die oorsprong van BP se belangstelling en hulle bydrae tot werk in Antarktika aan die gaste verduidelik. Die Antarktiese medalje is toe aan dr. André van der Merwe oorhandig. Die motivering vir die toekenning van die medalje aan dr. van der Merwe is toe deur dr. Kent, in sy hoedanigheid as voorsitter van die Medaljekomitee, voorgelees.

Dr. van der Merwe het vervolgens op luimige en interessante wyse vir die medalje bedank. Kopieë van sy boek „Die Wit Horison” is aan mnr. Joubert en BP (Suidelike Afrika) oorhandig.

Die geleentheid is afgerond deur dr. Kent wat mnr. Joubert bedank het vir sy interessante toespraak, en BP (Suidelike Afrika) vir hulle rol in die Vereniging. Ook het hy die persone wat behulpsaam was met die organisasie van die dinee geluk gewens met die sukses van die geleentheid, en in besonder, mnr. Retief, vir al sy moeite om van die Vrystaat te reis vir die geleentheid.

SITAAT: ANTARKTIKAMEDALJE



Mnr. M. Cronjé (regs) Streeksindustrieelbestuurder van BP Suidelike Afrika oorhandig die Antarktiese medalje aan dr. van der Merwe.

Foto: H. Loots.

Die sitaat vir die toekenning van die medalje deur dr. L. E. Kent, Voorsitter van die medaljekomitee van hierdie vereniging, was as volg:

Dr. André le Roux van der Merwe is op De Rust in Kaapland gebore. Hy het aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer en het die B.Sc. graad in anatomie, antropologie en fisiologie in 1937 en die M.B.Ch.B. graad in 1940 behaal. Nadat hy as huisdokter in Bloemfontein en Pietermaritzburg diens gedoen het, het hy op Beaufort-Wes, by 'n sendingshospitaal te Nongoma, en uiteindelik op Vryheid gepraktiseer. Hy het later 'n plaas gekoop en het die lewe van 'n boer so lekker gevind dat hy vir 'n tydjie vaarwel gesê het aan die medisyne, en op Pongola gaan boer het. Daar het hy op 'n goeie dag gehoor dat 'n ervare geneesheer vir die eerste Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Ekspedisie (1960) benodig word. Hy is toe gou na Pretoria en is aangestel.

Bo en behalwe sy normale pligte wat hy met ywer nagekom het, het hy op eie inisiatief navorsing i.v.m. voeding onderneem. Die resultate is in twee referate in die 1962-uitgawe van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde gepubliseer, nl:

Van der Merwe, A. le R. „Die voorsiening en verbruik van askorbiensuur by die Suid-Afrikaanse Antarktiese Basis, 1960.”

----- en Holemans, K. „Observations on body weight, basal metabolic rate, urinary nitrogen excretion and diuresis of members of the First South African Antarctic Expedition (SANAE),” Feb.-Des. 1960.

Members of the Expedition have testified to his loyalty, enthusiasm and friendliness which did much to help maintain morale in the small, completely isolated pioneer group. As the oldest member he was looked up to by the younger ones who found in him a tower of strength, especially in times of difficulty and tragedy.

The spirit of adventure burns strongly within him and, although outside the duties of medical officer, he accompanied the Leader of the first major inland trek to set up the depot which made exploration of the mountains possible.

Na sy terugkoms het hy 'n praatjie by die Universiteit van Pretoria oor sy ondervindings en navorsing in Antarktika gelewer. Onder die gehoor was dr. Quass, destyds direkteur van die Nasionale Voedingnavorsingsinstituut van die WNNR. Dr. Quass was so geïmponeerd dat hy dr. van der Merwe gepols het en 'n betrekking in die Instituut is hom aangebied. Die werk wat hy daar behartig is grotendeels die kliniese waardebeoordeling van die voedingstaat. Van die resultate is gebruik vir 'n M.Sc. verhandeling in biochemie.

Hy het sy diepgaande belangstelling in ons Antarktiese navorsing behou en is tans programdirekteur vir mediese navorsing. Hy het gereël dat mnr. J. M. Loots van die WNNR na SANAE as 'n fisioloog in 1967/68 gaan om navorsing te onderneem en het die werk beplan. In hierdie verband het hy SANAE in 1967 weer besoek. Navorsing op die meganisme van die mens se aanpassing teen die koue is uitgevoer. Die protieëinnames en -uitskeidings van die lede van die agste Ekspedisie en die uitwerking van hoë dosise van askorbiensuur (Vitamien C) daarop is ondersoek. Die gegewens, wat Suid-Afrika op die voorgrond plaas wat

fisiologiese werk in Antarktika betref, word tans vir publikasie in wetenskaplike tydskrifte verwerk. Van die resultate is in 'n gesamentlike referaat met mnre. J. M. Loots en K. Kruger by 'n kongres van die Suid-Afrikaanse Voedingvereniging vanjaar in Kaapstad voorgedra.

Dr. van der Merwe het in 1968 die eerste boek oor Antarktika wat deur enige een van ons ekspedisielede geskryf is, uitgegee. Die boek, „Die Wit Horison” is in resensies in verskeie koerante en tydskrifte hoog aangeprys. Dit vertel op 'n baie interessante en prikkelende wyse die storie van ons eerste Antarktiese Ekspedisie en sal beslis, veral onder Afrikaanssprekendes, belangstelling in Suid-Afrika se navorsing op Antarktiese probleme wek.

Dr. van der Merwe is an active member of our

Association and has contributed many articles of high standard to our *Bulletin*. Furthermore, he undertook the onerous task of editing the *Bulletin* from 1966 to 1967. He is also a member of the Antarctic Club of which he has been chairman.

In March, 1965, he was project leader of a survival team which undertook an expedition under adverse barren conditions. The results achieved are of value for survival in Antarctica—the “white desert”.

The Award Committee of the Association unanimously selected him to receive the Antarctic Medal for 1969 in recognition of his notable contributions to physiological research in Antarctica, and for so successfully stimulating public awareness of our country's Antarctic projects and achievements.

The following are the main points of the speech made by Mr. Cronjé prior to the presentation of the medal:

- (a) BP has been associated with activities in the Antarctic since Sir Vivian Fuchs and Sir Edmund Hillary made their epic crossing of the Antarctic. This was, in fact, a BP sponsored crossing.
- (b) BP endeavours to support, wherever possible, organisations that are carrying out work for the benefit of society. The work of the South African Antarctic Association falls into this category and it is a pleasure, therefore, for BP to support the Association.
- (c) BP realise that part of the work carried out in Antarctica is of immense benefit to our Company internationally, that is speaking of weather reporting. Obviously it is essential to our tanker fleet to know weather conditions, and so, although BP gives your Association support, you in turn are assisting us.

- (d) Selected ships in the BP tanker fleet are supplied with observing instruments and are specially instructed in their use by the British Meteorological Office. These ships report four times a day to the British Meteorological Office from wherever they may be; and other BP tankers using their own instruments have also provided the South African Weather Bureau with weather reports.
- (e) This dinner is the seventh occasion on which BP has awarded a gold medal.

Op die foto aan die linkerkant oorhandig dr. van der Merwe 'n kopie van sy boek, „Die Wit Horison” aan mnr. M. J. Cronjé, streeksindustrieelbestuurder van BP Suidelike Afrika, en op die regterkant aan mnr. D. J. Joubert, Sekretaris van Vervoer. Mev. Cronjé is ook op hierie foto.



DIE BEDANKING VAN DR. ANDRÉ VAN DER MERWE OP OORHANDIGING VAN DIE MEDALJE SAL IN DIE VOLGENDE UITGAWE VAN DIE BULLETIN VERSKYN

ADDRESS DELIVERED BY MR. D. J. JOUBERT AT THE SEVENTH ANNUAL
DINNER OF THE SOUTH AFRICAN ANTARCTIC ASSOCIATION



Mnr. D. J. Joubert, Sekretaris van Vervoer, gas speker by die dinee die aand van die Antarktiese Vereniging. Aan sy regterkant Mev. Jackson en aan sy linkerkant Mev. Cronjé.

Foto: H. Loots

Mr. Chairman, Ladies and Gentlemen,

On behalf of my wife and myself, I would like to thank you most sincerely for your kind invitation and hospitality. I can assure you that it is indeed a pleasure to spend an evening with so many warm-hearted people whose minds are occupied with icy subjects.

My having to talk on a subject of which I know so little reminds me of the amateur golfer who was drawn to play against a professional. As they approached the first Tee he said: "By the way, I have just had a Moonshot". "But why a Moonshot?" asked the Pro. "Oh, to make my Armstrong!" he replied. Well, ladies and gentlemen, I have had several Wineshots this evening and I can only hope that they will not make me tongue-tied.

At the outset I also wish to thank and congratulate your organisation on everything that it has done to foster public interest in Antarctica.

Because of my association with the Federation for Youth and Sport and other sporting bodies, I have a particular interest and confidence in the youth of our country and would therefore like to see that greater attention be paid to their guidance and training as our future leaders. I therefore hope that you also involve the youth of South Africa to a large extent in some of your programmes, especially as Antarctica is a young

man's country and has the kind of challenge that is attractive to the spirit and imagination of young men. Ladies do not like to be left in the cold.

Dames en Here,

Vir die algemene publiek in Suid-Afrika hou die beeld van Antarktika en die eilande ook 'n groot bekoring in. Die gedagte aan die klein klompie manne alleen in die oneindige yswêreld gryp die verbeelding aan. Die onlangse tragedie op Gough-eiland bv., is deur die hele land, stap, vir stap, met die grootste belangstelling en in spanning gevolg. Die dood van die twee manne is deur die publiek as 'n persoonlike verlies gevoel.

Vir my was dit 'n moeilike tyd. Ek was toe tuis met verlof, maar vir tien dae aanmekaar het die foon sonder ophou gelui van vroeg in die môre tot baie laat snags. As dit nie verslaggewers of die S.A.U.K. was nie, was dit die bekommerde families of een of ander van die menigte vreemde belangstellendes wat verneem het of daar nog nie goeie nuus was nie. Baie mense wat ek gladnie ken nie, en wat ook nie die twee jongmans geken het nie, het selfs laat in die nag gebel om te sê dat hulle so bekommerd voel dat hulle nie kan slaap nie. Hierdie voorval was maar net vir my 'n verdere bewys van die

intense belangstelling wat die manne van ons land in die Antarktiese gebiede het. Selfs die kleinste berig oor ons Antarktiese spanne, het die grootste nuuswaarde, en juis daarom is dit so belangrik dat hierdie manne ten alle tye hulle beste sal lewer om hierdie beeld nie te skend nie.

Meneer die Voorsitter, ek is gevra om iets oor ons Departement se bedrywighede i.v.m. Antarktika te sê. Daar is egter soveel wetenskaplikes en ander mense wat eerstehandse kennis het, of in elk geval meer van die Suidpoolstreke weet as ek, dat ek my liever nie op wetenskaplike of tegniese terreine sal begewe nie. Baie van julle sal dus vertrou wees met sommige van die dinge wat ek noem.

Ons eerste kennismaking met Antarktika was in 1958 met die Trans-Antarktiese Ekspedisie van Sir Vivian Fuchs waaraan Hannes le Grange deelgeneem het.

SANAE I het in Desember 1959 vertrek om die ou Noorwegse Basis oor te neem. Ons eie basis is gedurende 1962 opgerig deur die Departement van Openbare Werke en is tans nog in gebruik.

Die Departement van Vervoer is verantwoordelik vir die samestelling van 'n gebalanseerde span wat oor die nodige kwalifikasies beskik om die goedgekeurde programme deur te voer, gegewens te verwerk, en 'n sosiale eenheid op die basis te vorm.

Dit moet in gedagte gehou word dat Antarktika slegs een maal per jaar bereik kan word. Hierdie feit, stel besondere eise aan die Departement met betrekking tot die samestelling van 'n Suidpoolspan. Dit spreek vanself dat as gevolg van die afgesonderheid waarin die span moet verkeer, spesiale keuringsprosesse daargestel moet word om te verseker dat ekspedisielede fisies en geestelik gesond is, en dat hul geaardheid sodanig is dat hulle onderling goeie verhoudings sal handhaaf en selfs in krisisse, bymekaar sal staan en in een span saamtrek. Hier moet die beklemtoon word dat die keuse van 'n leier in 'n groot mate die sukses van 'n ekspedisie bepaal.

Dit is voor die hand liggend dat kandidate wat nie medies geskik is nie, nie verder oorweeg word nie.

Die Afdeling Beroepsdienste van die Departement van Arbeid, het spesiale toetse (battery) ontwerp waaraan applikante vir Antarktika onderwerp word om vas te stel of hulle persoonlikheidsgebreke het, en om hulle leiers- en groepsaanpassingseienskappe sowel as hulle aanleg en intelligensie te bepaal.

Dit moet in gedagte gehou word dat afsondering, onder uiterste klimaatomstandighede, van 'n klein groepie spesialiste (elkeen op sy eie gebied) besondere hoë eise aan die mens stel. Die toetse is daarop gemik om te verseker dat kandidate wat aangewys word, emosioneel volwasse is, nie onnodige konflikte sal veroorsaak nie en rasioneel sal optree onder omstandighede soos die volgende:

- (a) In tye van krisisse;
- (b) Onder moontlike provokasie;
- (c) In afsondering en sonder kontak met familie en normale vriendekring;
- (d) Onder uiterste klimaatstoestande;
en
- (e) In 'n geslote groepie van een geslag.

Die toetse vir mediese geskiktheid en persoonlikheidsaanpassing, word so streng toegepas dat by oorweging van applikante vir 'n onlangse ekspedisie, slegs 5 uit 44 persone deurgedring het tot die finale keuringstadium deur die Departementele Keuringskomitee.

Hierdie Komitee gaan deeglik in op 'n persoon se agtergrond en persoonlike optrede. Daar word byvoorbeeld selfs by sy vorige werkgewers navraag gedoen oor die kandidaat se werkgehalte, gedrag en vermoëns en enige moontlike afwykende neigings met weer eens die klem op sy optrede in 'n groep en sosiale aanpasbaarheid.

Danksy die streng keuringsprosesse en intensiewe opleiding, het 10 ekspedisies tot dusver glad verloop sonder ernstige konflikte en met goeie resultate sover dit die navorsingsprojekte betref.

Afgesien van die belangstelling wat sekere Suid-Afrikaanse geoloë reeds in die dertiger- en veertigerjare in Antarktika getoon het, was die eerste praktiese poging om belangstelling in Antarktika te bewerkstellig, toe mnr. S. A. Engelbrecht—tans Direkteur van die Weerburo—in 1939 saam met die Britse Oseanografiese Ekspedisie op die *Discovery II* gegaan het, om te sien of daar moontlikhede vir 'n weerstasie op Bouveteiland is. Die indrukke was ongunstig, maar die het nie die Weerburo afgeskrik nie om te organiseer dat 'n ekspedisie in 1955 spesiaal na Bouvet gestuur is met die *SAS Transvaal* om die eiland te verken nie. Weer was die bevindings ongunstig, maar soos u weet het daar nog twee ekspedisies in April 1964 en Maart 1966 gevolg, sodat hierdie eiland uiteindelik voldoende ondersoek is.

Daar is vasgestel dat 'n stasie wel met redelike veiligheid op die oostelike ysplate van die eiland gestig kan word, maar ons het die wind van voor gekry met die uitvoering van die taak om werklik die stasie daar op te rig. Ons is oortuig dat die oprigting en onderhoud van 'n stasie op Bouveteiland 'n veeleisende taak gaan wees as meeste van die stasies wat deur verskeie ander lande in die Antarktiese Gebied gestig en onderhou word. Vanweë sy topografie en ysbedekking kan Bouvet as "Klein Antarktika" bestempel word, en wanneer Suid-Afrika die stasie daar met sukses opgerig het, sal ons ons bors kan uitstoot oor dié voortreflike prestasie.

Ek wil nie in besonderhede gaan oor die oprigting en onderhoud van die weerkundige basisse op Marion- en Gougheiland nie. U weet almal dat die basis by Marion in 1948 opgerig is in medewerking met die Vloot, d.w.s. die basis daar bestaan nou reeds 21 jaar, terwyl die basis op Gough in 1957 gestig is nadat die eiland in 1956 deur 'n ekspedisie van Britse universiteite verken is.

Ladies and gentlemen,

I am proud that it was really a division of my Department, namely the Weather Bureau, which became a division of the Department of Transport after the Second World War, that set the ball rolling with regard to Antarctic activities. Officials of the Weather Bureau made active contributions with regard to the planning and organisation of the different weather stations, whilst the General Division of the Department of Public Works as well as the S.A. Navy, were responsible for the administration of the financial aspects and supplying of logistics for the expeditions. Logistics in this case include transport, housing, food, clothing and communication, etc.

The Geological Programme for example, sets a very high standard with regard to logistics. This was experienced earlier this year with the establishment of the Borge Base at Antarctica. Apart from SANAE, this base is the only other permanently manned South

(Continued on page 58)

Kommentaar op 'n artikel onder die opskrif „Place Names of Prince Edward Islands,” deur Sylvester L. Crozet

DR. W. J. VERWOERD

Ek wil graag kommentaar lewer op die artikel „Place Names of the Prince Edward Islands” wat in u uitgawe van Jan.-Junie 1968 verskyn het. Soos die skrywer Sylvester L. Crozet tereg opmerk is die oorsprong van die name op Marioneiland nogal 'n interessante onderwerp. Daar is egter heelwat meer plekname as wat deur hom bespreek word en ongelukkig bevat die artikel ook 'n hele paar foute. Die ontdekkingsreisiger wat op 12 Desember 1776 tussen die twee eilande deurgevaar het was nie Sir James Clark Ross nie maar wel Kaptein James Cook, die ontdekker van Antarktika. Dit was ook nie Ross nie maar Cook wat verantwoordelik was vir die vernoeming van die twee eilande na Prins Edward, die vierde seun van koning George III. Die bewering (blykbaar afkomstig uit Marsh se boek „No Pathway Here”) dat Cook eers by sy terugkeer in Engeland gehoor het van die vroeëre ontdekking van die eilande deur die Franse kapteins Marion du Fresne en Crozet, is ook nie korrek nie aangesien dit uit Cook se dagboek blyk dat hy in besit was van die Franse se kaart, waarop daar blykbaar geen name vir die eilande verskyn het nie. Die naam „Marion-eiland” vir die groter een van die twee het eers heelwat later in die Engelse literatuur ingang gevind. Verder is Cape Davis nie na subluit. Samuel Davis van die *S.A.S. Natal* vernoem nie, aangesien dit een van die vier name is wat reeds op die Britse admiraliteitskaart van 1874 verskyn. (Ek kon self nog nie die oorsprong van hierdie naam opspoor nie, maar

vermoed dat dit netsoos Cape Crozier en Cape Hooker na 'n lid van die Ross-ekspedisie van 1840 genoem is.)

Die eerste behoorlike opmeting van Marion op land, is kort na die anneksasie in 1948 gedoen deur A. B. Crawford. Crawford se kaart dek ongeveer die oostelike helfte van die eiland en bevat 58 plekname. Sketskaarte wat die hele eiland dek en addisionele plekname bevat verskyn in later publikasies deur R. W. Rand en J. J. la Grange. Van die naburige Prins Edwardeiland het tot onlangs geen betroubare kaart bestaan nie.

Gedurende 1965 het die biologies-geologiese ekspedisie waarvan die ondergetekende 'n lid was, dit as sy eerste doelwit gestel om die twee eilande topografies te karteer. Die resultate van hierdie werk word eersdaags in 'n wetenskaplike monografie gepubliseer, wat ook 'n kort bydrae oor die oorsprong van die plekname sal insluit. Vir doeleindes van beskrywing moes 'n hele aantal nuwe name gevind word, wat die totale aantal vir Marion op 136 te staan bring en vir Prins Edward op 24. Na aanleiding van die jongste opmeting moet die hoogtes van die eilande soos in mnr. Crozet se artikel aangegee ook as volg gewysig word: die voorheen onbenoemde hoogste piek van Marion (Staatspresident Swartpiek) is 4,035 voet en dié van Prins Edward (Van Zinderen Bakkerpiek) is 2,205 voet bo seespieël. Dit is natuurlik te verstane dat hierdie gegewens nie tot mnr. Crozet se beskikking was nie.

VOORSITTER SE JAARVERSLAG 1968/69

Ladies and gentlemen, as your present chairman, I will now present to you, for your consideration, the Eighth Annual Report of the South African Antarctic Association:

As you are well aware, the main objectives of this Association are to promote and maintain interest in Antarctic exploration, development and research. This is accomplished *inter alia* by arrangement of meetings, talks and film shows at which knowledge of Antarctica

can be exchanged and disseminated, and by the publication of our journal the *Antarktiese Bulletin*.

During the past year, the eighth in the existence of our Association, your committee and I have attempted to achieve these objectives to the best of our ability.

The series of general meetings held in Pretoria were very well attended, as well as the Durban meeting. The topic of discussion at these meetings included the general expedition activities and physiological programme of

our Eighth National Expedition to the Antarctic, a combined South African-Belgian Summer Geological Expedition, and the tenth meeting of the Scientific Committee for Antarctic Research in Tokyo, with particular reference to the meetings of the Working Groups of Geology and Logistics. We extend our sincere gratitude to the speakers for the very interesting and well prepared presentations; to the Embassies of the different countries for providing Antarctic films which were screened during the year and which added so much to the enjoyment of the evenings; to the Museum for Science and Industry for making this excellent Auditorium available to the Association; and to you, the members of our Association and the general public, for your attendance.

The Annual Dinner was held during July and the guest speaker at this occasion was Dr. F. J. Hewitt, Vice-President of the Council for Scientific and Industrial Research. The dinner was very well attended and a most enjoyable evening was had by all.

Dames en here, gedurende die afgelope jaar het u vereniging die voorreg gehad om 'n beskermheer ryker te word en wel in die persoon van Mnr. Danie Joubert, Sekretaris van die Departement Vervoer. 'n Hartlike verwelkoming aan Mnr. Joubert—mag hy saam met ons medebeskermer Prof. Stanley Jackson, Vise-kanselier, Universiteit Witwatersrand en Dr. Meiring Naude, President van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, 'n lang en gelukkige verbintenis met die Suid-Afrikaanse Antarktiese Vereniging hê.

Gedurende die afgelope maande het u komitee 'n positiewe poging aangewend om nuwe lede vir die vereniging te werf. Daar is onder meer aan elke lid inligtingsbrosjures en kopië van die *Bulletin* gestuur vir verspreiding onder belangstellendes. Alle lede van vorige ekspedisies na Antarktika is ook gesirkuleer. Ons hoop dat die nuwe bestuur die vrugte van hierdie werwingsveldtog sal pluk. Alle lede is ook gesirkuleer vir agterstallige ledegelde en 'n verbetering in die finansiële toestand van u vereniging is reeds merkbaar.

Daar is ook besluit om lede in Durban te nader in verband met die stigting van 'n tak van die vereniging

daar. Ons wens hulle alle sukses toe in hierdie belangrike onderneming en hoop om gou die stigting van die eerste tak buite Pretoria te sien.

Die „ondankbare” taak van redakteur van die *Antarktiese Bulletin* rus nou op die skouers van Dr. D. Torr. Aanvanklik sou ek hierdie taak met hom gedeel het, maar weens veelvuldige verpligtinge is dit nie moontlik nie. Dit het egter reeds geblyk dat Dr. Torr 'n waardige opvolger van die vorige redakteurs, dre. Jan Taljaard en André van der Merwe is. Hy het reeds daarin geslaag om die koste verbonde aan die opstel en druk van die *Bulletin* sodanig te verminder dat daar nou twee *Bulletins* meer per jaar sal verskyn.

In die verband kan ek dit nie nalaat om die borge van ons *Bulletin* en die medalje, nl. BP (Suidelike Afrika), baie hartlik te bedank vir hulle ondersteuning.

Terselfdertyd is dit ook vir my 'n genoë om reeds-genoemde dr. André van der Merwe hartlik geluk te wens met die toekenning van die Vereniging se goue medalje vir 1969.

Verdere gelukwense gaan ook aan dr. Duncan Baker wat sy doktorsgraad in Ionosferiese navorsing aan die Staats-Universiteit van Pennsylvania, V.S.A., behaal het en aan dr. Marsha Torr ter verkryging van haar doktorsgraad, ook in die Ionosferika, aan die Universiteit Rhodes.

Die skielike heengaan van mnr. Marten Coetsee aan die Departement Vervoer wat so intiem met ons Antarktiese Ekspedisies gemoeid was 'n groot skok. Namens die Vereniging het ons medelye aan sy eggenote en familie betuig.

Ten slotte wil ek net sê dat dit vir my 'n besondere voorreg was om as u voorsitter te kon optree. Die samewerking wat ek van die komiteeledes dr. D. Torr, dr. L. E. Kent, mnr. Ferdie Viljoen, mnr. Kobus Retief en mnr. Andrew Venter wat as bestuurslid en sekretaris gedurende die afgelope maande moes optree, ontvang het was onverbeterlik, asook die onoffisiële hulp van mnr. M. du Preez. Baie dankie en sukses aan die nuwe komitee.

A PHILATELIC NOTE

Congratulations to our member Sylvester L. Crozet, on the receipt of a silver-bronze medal for his collection of covers from various bases in the Antarctic, during the period 1908-1969. This award was made at the recent ZAR-100 Philatelic Exhibition held in Johannesburg.

(Continued from page 55)

African base. It is situated approximately 350 km. from SANAE and was erected with the aid of Belgian aircraft during the recent joint summer expedition. The Borga base enables geologists to explore new areas and makes it possible for research to be undertaken over a far greater area, as less time is wasted in travelling to and from SANAE. At present this base is manned by two geologists, a mechanic and radio operator who will be stationed there until 1970. We also intend erecting a second Parcollhut at Borga base next year, as it may become necessary in case of an emergency.

Planning of the new main base is progressing very well and we hope to have it erected during January-February, 1971. We trust that the Department of Public Works will again erect such strong buildings as those of the first base. The fact that these buildings, which were erected in 1962, and are now 35 feet under snow and ice, still withstand all stresses and strains, goes to show how firm and sturdy they must be. I am sure that you are all with me when I compliment Public Works Department on their first effort to build on ice.

As a result of an inspection and recommendations by Mr. C. J. J. van Rensburg, who visited SANAE with the last relief by the RSA, our transport facilities will be greatly improved. An interesting experiment will also be conducted at the Borga base with a Volkswagen fitted with skis in front.

If this experiment proves to be successful, then the toboggans will be replaced by such modified Volkswagens.

With regard to telecommunication, great progress was made during the past year. All telecommunication with Antarctica and the Islands now takes place directly with the Weather Bureau's telecommunication centre in Forum Building and no longer through Jan Smuts. Communication at present is by means of teleprinter and not by Morse code. The new procedure is a great improve-

ment and expedites communication. In this manner data reduction is also expedited. Cosmic rays observations in the Antarctic are processed through a teleprinter tape and immediately fed into a computer under the direction of Prof. P. H. Stoker at the University of Potchefstroom.

Daar is veral een aspek van ons bedrywighede in Antarktika en op die Sub-Antarktiese eilande wat vir my baie belangrik is, en dit is die feit dat ons jaarliks nog heelwat meer aansoeke kry van persone wat op Antarktika of die eilande wil gaan werk, as wat ons nodig het. Vir my is dit 'n duidelike bewys dat daar nog genoeg dryfkrag en deurstellingsvermoë by ons Suid-Afrikaners te vinde is om die vreemde en avontuurlike te wil aandurf, ondersoek en trotseer. Hierdie eienskap wat so 'n integrale deel van ons voorgeslagte eiensekap was, Franse en Engelse was, leef dus vandag die Hollanders, Franse en Engelse geslag. Dit stem ons tot dank-nog voort in die huidige geslag. Dit stem ons tot dankbaaerheid en bewys onteenseglik dat ons, solank hierdie eienskappe nog behoue bly, ons hier aan die Suidpunt van Afrika, sal kan handhaaf.

In conclusion I want to say that our presence in Antarctica is justified not only by political but also by scientific considerations. We were therefore very pleased to note the observations by the Scientific Committee, to the effect that the scientific results obtained during the past number of years, have enabled S.A. Scientists to make a significant contribution to science in general and to knowledge of the Antarctic regions in particular.

From a political point of view, it is most desirable to continue our activities in Antarctica. Generally speaking most of the Treaty members are particularly active and our activities have offered fruitful contact with them, especially with Argentina and of course the Belgians—hence our joint summer expeditions with the latter.

I therefore sincerely trust that we in South Africa will continue and even expand our activities in the Antarctic regions.

Thank you.

BERGY BITS AND GROWLERS

LA MONTENARA

Oor die wit vlak waar dit wyd is,
Lê die berge breed en blink,
Wyl hul in die aandson skitter
En jou daarheen naderwink.
Van waar Krylen soos 'n seekoei
Tussen skeure opwaarts beur,
Tot waar Y-berg hoog en puntig
Hom aan tyd en mens nie steur.
Troon die pieke van Snokallen
En spierwit Snokjerringa
Oor die uitgestrekte landskap
Van ons skoon Antarktika.
En hier duskant in die leegte,
Pas by Dassiekop verby,
Lyk die wêreld soos 'n braakland—
Lê krewasse ry op ry.
Links om Leeuwkop loop die roete
Stadig suidwaarts, stygend, steil,
Oor die blou ys, oor die krake,
Na die hoogland myl vir myl.

Wanneer Witberg eers omseil is,
Lok die nuwe vergesig
Langs die oewer van die Penck-trog,
Waar ons nou ons skrede rig.
Soekend in die staalblou hemel,
Soos die magtig Matterhorn,
Reik die piek van Tindeklypa
Statig bo die horison.
Ysbedekte hoë tafel
Tussen spitse: Jekselen—
Ruwe rotse, wye windtrog;
Nooit is nog sy kruin oorwin.
Anderkant die Jutulstramen—
Ysrivier van Ahlmann-streek—
Strek die ylblou Hermann-berge
Tot waar wolk en ys verbleek.
Mag die skoonheid en die vryheid
Van die bergland wit en wyd,
Vir ons oog en hart bewaar word
Tot die eindes van die tyd!

DR. C. F. WAGNER